Publication: BURGER (Oos Kaap)
Date: 2015-09-17
Page: 4

Eerste vliegtuig op St. Helena ‘ ’n stukkie in groter legkaart’

Erika Gibson

PRETORIA. – ’n Klein stukkie geskiedenis wat ’n reuse-verskil in die lewe van die eiland St. Helena se inwoners gaan maak, het hom Dinsdagmiddag afgespeel.

Die eerste vliegtuig ooit het te midde van ’n feestelike atmosfeer en trane van ongeloof om 15:52 (SA tyd) daar geland.

Vir baie van die inwoners was dit ook die eerste keer in hul lewe dat hulle ’n vliegtuig gesien het.

“Dit voel absoluut fantasties en ons is bevoorreg om met ons eerste vlug deel te word van die groter lughaweprojek op St. Helena,” het Grant Brighton, bevelhebber van die KingAir-vliegtuig, gesê.

Dié Suid-Afrikaanse vliegtuig het op die Lanseria-lughawe opgestyg vir ’n vlug van meer as sewe uur oor Namibië, Angola en toe oor die see tot by die eiland.

Die reuse-projek om tussen die vulkaanvalleie op St. Helena ’n aanloopbaan en internasionale lughawe te bou, het die kontrakteurs Basil Read vier jaar geneem.

“Ek kan eerlikwaar nie vandag my gevoelens beskryf nie. Jare se beplanning en duisende ure se werk het hierdie gebeurtenis voorafgegaan. My gemoed is vol,” het Janet Lawrence, die lughaweprojekdirekteur, gesê.

Die Britse goewerneur van dié stukkie Britse grondgebied, Mark Capes, het gesê die eerste landing is nog ’n stukkie in ’n groter legkaart om dié eiland van ’n beter ekonomiese lewensaar te voorsien.

In die verlede het daar net nou en dan skepe aangedoen en enige vervaardigingsbedryf het dus geen vooruitsigte op uitvoer gehad nie.

Volgens Brighton, wat die toets van die lughawestelsels sal onderneem, was die vlug na die eiland sonder enige voorvalle.

“Die landing op dié spesiale aanloopbaan was asemrowend.”

Kommersiële vlugte begin na verwagting einde Februarie volgende jaar.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission